

Jou mediese spaarrekening



medihelp

120⁺
JAAR

Planne met 'n spaarrekening bied onmiddellike toegang tot 'n gerieflike kredietfasiliteit sodra jy aansluit. Jy het vooruit toegang tot die totale jaarlikse spaarbydrae. Ongebruikte fondse word oorgedra na die volgende jaar en verdien rente.

Hoe jou spaarrekening saamgestel is



15% van jou maandelikse ledegeld gaan na 'n spaarrekening



25% van jou maandelikse ledegeld gaan na 'n spaarrekening



10% van jou maandelikse ledegeld gaan na 'n spaarrekening



Let wel: Indien jy voor die einde van 'n jaar bedank en jy meer van die kredietfasiliteit gebruik het as wat jy inbetaal het, moet jy Medihelp terugbetaal.

Nuut – Hoe om te kies wat uit jou spaargeld betaal word

Hierdie keuses kan eers vanaf **1 Januarie 2026** gemaak word.



SavingsNow gee jou die vryheid om te kies hoe jou spaarrekeningfondse gebruik word vir sekere eise vir dienste binne die hospitaal en kortbetalings vir gespesialiseerde radiologie binne en buite die hospitaal.



SavingsBase is die spaarrekening wat gebruik word om eise te betaal voordat jou versekerde dag-tot-dag voordele in werking tree. Jy kan **nie** kies watter eise uit **SavingsBase** betaal word nie, aangesien slegs 'n gedefinieerde lys voordele daaruit betaal kan word.





Voorkeure vir SavingsNow-rekening



By verstek:

- Alle kwalifiserende **dag-tot-dag- mediese dienste buite die hospitaal** word uit **SavingsNow** betaal.
- Gespesialiseerde radiologie is nie by hierdie outomatiese betaling ingesluit nie.



Jou keuse:

- Betaal bybetalings en kortbetalings op **gespesialiseerde radiologie** wat in die hospitaal gedoen is uit **SavingsNow**.
- Betaal bybetalings en kortbetalings op **gespesialiseerde radiologie** wat buite die hospitaal gedoen is uit **SavingsNow**.
- Betaal **alle ander hospitaalbybetalings en kortbetalings** (behalwe gespesialiseerde radiologie) uit **SavingsNow**.

Indien jy nie jou voorkeure aandui nie, sal hierdie koste nie uit jou **SavingsNow**-rekening betaal word totdat jy vir ons opdrag gee nie.

Jy kan jou voorkeure enige tyd op die Member Zone verander.

SavingsGrow word beskikbaar wanneer jy ongebruikte **SavingsBase**-fondse van die vorige jaar oordra. Met **SavingsGrow** het jy die vryheid om te besluit hoe jou spaarrekeningfondse gebruik word vir sekere eise vir dienste binne die hospitaal en kortbetalings vir gespesialiseerde radiologie binne en buite die hospitaal.

Voorkeure vir SavingsGrow- en SavingsBase-spaarrekeninge



By verstek:

- Alle kwalifiserende **dag-tot-dag- mediese dienste** op die gedefinieerde lys (**buite die hospitaal gelewer**) word uit **SavingsBase** betaal.
- Alle ander dag-tot-dag- mediese dienste (nie op die lys nie) word uit **SavingsGrow** betaal.
- Gespesialiseerde radiologie is nie by hierdie outomatiese betaling uit **SavingsGrow** ingesluit nie.



Jou keuse:

- Betaal bybetalings en kortbetalings op **gespesialiseerde radiologie** wat in die hospitaal gedoen is uit **SavingsGrow**.
- Betaal bybetalings en kortbetalings op **gespesialiseerde radiologie** wat buite die hospitaal gedoen is uit **SavingsGrow**.
- Betaal **alle ander hospitaalbybetalings en -kortbetalings** (behalwe gespesialiseerde radiologie) uit **SavingsGrow**.

Indien jy nie jou voorkeure aandui nie, sal hierdie koste nie uit jou **SavingsGrow**-rekening betaal word totdat jy vir ons opdrag gee nie.

Jy kan jou voorkeure enige tyd op die Member Zone verander.



Wat is die gedefinieerde lys wat uit **SavingsBase** betaal word?

- Huisdokters en spesialiste
- Virtuele konsultasies
- Akute medisyne en selfmedikasie
- Nie-VMV- chroniese medisyne (slegs MedPrime en MedPrime Elect)
- Fisioterapie
- Kliniese sielkunde
- Ander mediese dienste (byvoorbeeld arbeidsterapie en spraakterapie)
- Patologie en die dienste van 'n mediese tegnoloog
- Standaardradiologie

Wat kan uit my **SavingsGrow** betaal word?

Nie-VMV-dienste buite die hospitaal:

- Kortbetalings en bybetalings op dag-tot-dag-dienste
- Ander kortbetalings en dag-tot-dag-dienste:
 - Tandheelkunde
 - Oogkunde
- Voordeelsluitings
- Dienste gedurende wagtydperke

Nie-VMV-dienste in die hospitaal:

- Hospitaalkortbetalings
- Uitsluitings
- Dienste gedurende wagtydperke





Hoe werk jou keuse vir jou plan?



Kan ek my keuse enige tyd verander?

Ja, jy kan jou keuse enige tyd voordat die eis ontvang en verwerk is, verander.

Hoe kan ek my keuse verander?

1. Teken aan op die **Member Zone** en klik op die **Spaarrekening** opsie op die kontroleskerm en volg die stappe.
2. Gesels met of skakel Medihelp se Kliëntesorg en vra om te verander hoe jou spaarfondse gebruik word.

Hoekom moet ek 'n keuse maak?

Jou keuse gee jou die buigsaamheid om te besluit hoe eise uit jou spaarrekening betaal word. Dit kan dit makliker maak om van jou gapingsdekking te eis, veral as jy verkies om 'n eis direk by jou gapingsdekking in te dien.

Wat gebeur as ek spaargeld oor het aan die einde van die jaar?

Op **MedAdd**, **MedAdd Elect** en **MedSaver** word ongebruikte fondse oorgedra en by **SavingsNow** gevoeg.

Op **MedPrime**, **MedPrime Elect** en **MedElite** word ongebruikte fondse oorgedra na jou **SavingsGrow**.

Wat gebeur as ek kies om na 'n ander plan met 'n spaarfasiliteit oor te skuif?

Die beskikbare spaargeldfondse word oorgedra na die nuwe spaarplan, byvoorbeeld:

- **MedAdd** en **MedSaver** – bygevoeg tot **SavingsNow**
- **MedPrime** en **MedElite** – bygevoeg tot **SavingsGrow**

As ek my lidmaatskap beëindig en na 'n plan sonder 'n spaarfasiliteit by 'n ander skema skuif, sal ek my geld terugkry?

Ja, die beskikbare spaargeld word aan jou uitbetaal sodra die eise-indieningstydperk verstryk het.

As ek my lidmaatskap beëindig en na 'n plan met 'n spaarfasiliteit by 'n ander skema skuif, hoe werk die terugbetaling?

Ons betaal die kredietbedrag in jou spaarrekening oor na jou plan by die nuwe skema sodra die eise-indieningstydperk verstryk het.

As ek my lidmaatskap beëindig en nie by 'n ander mediese skema aansluit nie, wat gebeur met my spaargeld?

Die beskikbare spaargeld word aan jou uitbetaal sodra die eise-indieningstydperk verstryk het.




SavingsNow-kredietfasiliteit (jaarliks beskikbaar)

Die totale spaarbydrae vir die jaar is vooruit beskikbaar as 'n **SavingsNow**-kredietfasiliteit. Die kredietfasiliteit vir nuwe lede wat deur die loop van die jaar aansluit, word uitgewerk vanaf die datum wat jy aansluit.

Totale SavingsNow

Jou totale SavingsNow fondse = jou kredietfasiliteit vir die jaar + die vorige jare se ongebruikte fondse wat elke jaar as 'n enkelbedrag oorgedra word.

Hoe ons jou eise betaal



Op **MedAdd** en **MedAdd Elect** word kwalifiserende eise eers uit **SavingsNow** betaal voordat versekerde dag-tot-dag voordele in werking tree.



Op **MedSaver** word meeste eise uit **SavingsNow** betaal. Sodra **SavingsNow** uitgeput is, tree 'n limiet per begunstigde en per familie in werking vir huisdokter- en spesialisbesoeke en oor-die-toonbank- en akute medisyne.

SavingsBase-kredietfasiliteit (jaarliks beskikbaar)

Die volle spaarbydraes vir die jaar is vooruit beskikbaar as 'n **SavingsBase**-kredietfasiliteit. Die kredietfasiliteit vir nuwe lede wat deur die loop van die jaar aansluit, word uitgewerk vanaf die datum wat jy aansluit.

SavingsGrow spaarrekening

Jou ongebruikte fondse dra elke jaar oor en word as 'n enkelbedrag tot jou **SavingsGrow** bygevoeg (aparte kumulatiewe spaarrekening). Jy verdien rente op die balans.



Op **MedPrime**, **MedPrime Elect** en **MedElite** word eise uit **SavingsBase** betaal voordat versekerde dag-tot-dag-voordele in werking tree.

Versekerde voordele vir dienste soos tandheelkunde en optometrie is van die begin af beskikbaar en is nie afhanklik daarvan dat **SavingsBase** uitgeput word nie.

Sodra dag-tot-dag-voordele uitgeput is, word die fondse in **SavingsGrow** gebruik.

Onthou: Jy kan nie spaarrekeningfondse gebruik om maandelikse ledegeld of VMV-dienste en bybetalings op VMV-dienste te betaal nie.

medihelp.co.za

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP no 15738)

